# JONKERSHOEK 2022

| ROETE: | Jonkershoek circuit | DATUM: | 9 Julie 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

8 van ons kom lekker vroeg in die donker by die hek van die Jonkershoek reservaat bymekaar. Dis om te verseker ons is een van die motors wat kan inry. Ons handel die admin en die permitte af wat ek vroeër deur MTO se webtuiste gekoop het en ry na die begin van die roete by Witbrug. Ons stap met die jeeptrack langs terug tot by die begin van Swartboskloof, waar ons dan opgaan. Dit is 'n lekker klim, maar die uitsigte en die watervalle langs die pad maak op daarvoor. Bo gekom kies ons eers pad na die uitkykpunt wat afkyk op die Helderbergkom. Dit is 'n leiflike dag en ons kan tot in die verte sien. Van daar stap ons aan oor die plato en stop plek-plek vir fotos. By die bokant van Kurktrekkernek stop ons weer vir 'n breek. Ons kies weer pad vir Bergriviernek. Die paadjie tussen Kurktrekkernek en Bergriviernek is bietjie rowwer as gewoonlik, veral die op net na Kurktrekkernek en die af net voor Bergriviernek. Ons geniet middagete op Bergriviernek. Van hier kies ons koers terug na die motor by Witbrug. Dis af, kontoer en weer af. 'n Lekker lang uitdagende stap met die mooiste uitsigte. Klimhoogte 1262m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2022014 | R 5 | 20 | |
| Marie Louise Kriel | Nie-lid | R 10 | 20 | |
| Delfie Issel | 2022027 | R 5 | 20 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 5 | 20 | |
| Rudi Burger | 2022069 | R 5 | 20 | |
| Hanneke Pienaar | 2022081 | R 5 | 20 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 20 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 20 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 45** | **160** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Werner Dalziel |
|---|---|